

Naskrif

Waar kry 'n slagoffer hulp?

Gesinsgeweld is die misdaad met die hoogste voorkomssyfer ter wêreld. Dit kan toegeskryf word aan die vroeëre opvatting dat huishoudelike geweld 'n saak tussen 'n man en sy vrou is. Die gesegde dat 'n mens nie jou vuil wasgoed in die openbaar was nie, het ook bygedra daartoe dat dit as 'n skande, eerder as 'n misdaad, beskou is. Die patriargale stelsel was ook te blameer. Die man was die hoof van die huis; die vrou moes tuisbly en kinders grootmaak en die huis versorg. Pa was die broodwinner en die gesin was afhanklik van sy inkomste en geestesingesteldheid. As Pa naweke drink en die gesin mishandel, het die bure en die res van hul gesin gewoonlik stilgebly. Die meeste vroue/dogters is van kleins af gekondisioneer: Pa is baas. Onderdanigheid is as 'n vroulike deug beskou en was eens op 'n tyd selfs deel van sekere kerke se huweliksformulier.

Werkende vroue het ook baie minder verdien as hul manlike eweknieë, en die vrou/moeder se salaris is slegs as aanvullend tot haar eggenoot se salaris beskou. Sy werk dus “om haar man te help” om sy verpligtinge na te kom en 'n bietjie ekstra te verdien. Dat vroue uit eie reg akademies, loopbaangerig en ambisieus kon wees, is in baie kulture onderdruk.

Een van die mees diskriminerende gebruike was dat vroulike onderwysers moes bedank wanneer hulle trou. Die meeste onderwyseresse het vier jaar gestudeer, 'n pos gekry om haar beursgeld terug te betaal en as sy dan sou trou, was sy haar pos kwyt. Die meeste is ook altyd in tydelike poste aangestel; permanente poste was slegs vir mans, of vroue wat hul loopbaan bo 'n huwelik verkies beskore. Voor 1994 het talle firmas ook die beleid toegepas dat 'n vrou moes bedank wanneer sy swanger is. Swangerskapverlof het eers na 1994 'n wetlike verpligting geword.

Om te dink dat die beleid net deur mans toegepas is, is slegs die helfte van die waarheid. Baie vroue het dit self gekondoneer. By 'n Christelike organisasie waar ek werksaam was, moes die vroue bedank sodra die swangerskap fisies sigbaar raak omdat “die kliënte

kan aanstoot neem om in 'n swanger buik vas te kyk". Aldus die hoof van dié organisasie se eggenote.

Baie skoonmoeders het ook hul seuns bemagtig om hul vrouens te onderdruk en het self ook die skoondogter mishandel. Dit is by sommige kulture en geloofsgroepe steeds die gebruik dat die skoondogter die gesin se stuurjonge is. Elsa Joubert het in haar bekroonde boek *Die swerfjare van Poppie Nongena* ook verwys na Poppie se "Makoti"-tydperk toe sy ná haar troue by haar skoonmense in die Transkei gaan kuier.

Met die koms van die nuwe demokrasie in 1994 is gesinsgeweldwetgewing deur die regering ingestel en was daar vir die eerste keer beskerming vir slagoffers. Maar baie slagoffers bly steeds stil om die man se status en loopbaan te beskerm omdat hulle (verkeerdelik) glo dat die man sy werk sal verloor indien hy skuldig bevind word. Hoewel die skuldige wel 'n misdaadrekord kry, is die vonnisse in die meeste gevalle so gestruktureer dat hy steeds sy werksverpligtinge kan nakom omdat hy steeds vir sy gesin moet sorg. In die meeste gevalle word 'n opgeskorte vonnis opgelê, tesame met gemeenskapsdiens wat gewoonlik oor naweke gedoen moet word.

Dit is my opinie dat indien 'n vrou met die heel eerste voorkoms van geweld dadelik 'n klag van aanranding lê en dit deurvoer, sy haarself en haar gesin jare van onnodige pyn kan spaar. In die meeste gevalle word so 'n egpaar ook verwys vir verpligte huweliksberading en kan die huwelik selfs gered word. Veral waar daar kinders is, behoort so 'n stap as die enigste uitweg beskou te word, aangesien studies bewys dat kinders wat in 'n gewelddadige huis grootword moontlik sielkundige probleme as volwassenes kan ervaar.

Slagoffers het ook dikwels nie 'n veilige plek om heen te vlug nie of is nie bewus van organisasies wat hierdie dienste bied nie. Die regering verskaf die nodige ondersteuning en veilige hawes (safe houses) en die SAPD word as beginpunt hiervoor gebruik.

Kontak een van die volgende organisasies indien jy 'n slagoffer is:

DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS (SAPD) bied die volgende hulp:

- Mediese aandag

- Regshulp d.m.v. die gesinsgeweld-hof deur die verkryging van beskermingsbevele of interdikte
- Skuiling
- Berading

Die SAPD se noodnommer is 10111. Dit beskik in elke streek oor 'n aantal veiligheidshuise waar slagoffers en hul kinders geplaas word. Die huise se adresse word geheim gehou om die slagoffers te beskerm. Hier word vroue en hul kinders behandel, gehuisves, en berading word verskaf. Sommige verskaf ook langtermynbehuising van waar die kinders kan skoolgaan en die vrou die geleentheid kry om haar vir die arbeidsmark voor te berei.

PEOPLE OPPOSED TO WOMAN ABUSE (POWA) verskaf berading, telefonies en persoonlik, tydelike skuiling en regshulp aan slagoffers.

- Webadres: <http://www.powa.co.za>
- Tel.nr.: 011 642 4345
- E-pos: info@powa.co.za
- Sosiale media: Facebook en Twitter

CHILDLINE SOUTH AFRICA. Dié organisasie sonder winsmotief help mishandelde kinders en hul gesinne met 'n gratis beradingsdiens. Fisiese en seksuele geweld, verslawings, gedragsprobleme en mensehandel word hanteer. Hulle verskaf ook regsadvies.

- **116** is die nuwe, eksklusiewe en tolvry hulplynnummer vir Childline SA. Kinders sowel as familieledede kan hierdie nommer skakel in geval van kinderverwante mishandeling.
- Webadres: <http://www.childline.org.za>

CHILD WELFARE SOUTH AFRICA. Hulle fokus op kinderbeskerming, kindersorg en gesinsontwikkeling. Kindermishandeling en -verwaarlosing kan ook by hulle aangemeld word.

- Webadres: <http://www.childwelfare.org.za>
- Tel.nr.: 087 822 1516

- E-pos: info@childwelfare.co.za
- Sosiale media: Facebook en Twitter

FAMILIES SOUTH AFRICA (FAMSA): Hulle verskaf berading en opvoeding om huwelike en gesinne te verbeter. Hulle help in gevalle van huishoudelike geweld en trauma, egskeiding en mediasie. Daar is 27 kantore deur die land versprei.

- Webadres: <http://www.famsaorg.mzansiitsolutions.co.za>
- Tel.nr.: 011 975 7106

TEARS FOUNDATION: Hulle verskaf krisishantering, aanbevelings en berading sowel as voorkomende opvoedkundige dienste vir slagoffers van geweld, seksuele aanranding en seksuele mishandeling van kinders.

- Webadres: <http://www.tears.co.za>
- SMS-hulplyn: *134*7355#
- Tel.nr.: 010 590 5920
- E-pos: info@tears.co.za
- Sosiale media: Facebook en Twitter

THE TRAUMA CENTRE: Hulle verskaf berading en geweldvoorkomingsdienste vir persone wat deur geweld geraak word.

- Webadres: <http://www.trauma.org.za>
- Tel.nr.: 021 405 7373
- E-pos: info@trauma.org.za
- Sosiale media: Facebook en Twitter

THUTHUZELA CARE CENTRES: Dit is eenstopinrigtings wat as 'n kritieke deel van Suid-Afrika se antiverkragtingsbeleid ingestel is. Hul doelwit is die voorkoming van sekondêre viktimisering en voorbereiding van die saak vir vervolging. Hul webblad verskaf ook inligting oor geslagsgebaseerde geweld.

- Webadresse: <http://www.soulcity.org.za> en <http://www.npa.gov.za>
- Tel.nr.: 021 690 1000

ORGANISASIES IN DIE WES-KAAP
SAPD-NOODDIENS:

•Tel.nr.: 10111

GENDERBASED VIOLENCE COMMAND CENTRE:

•Tel.nr.: 0800 428 428

STOP GENDER VIOLENCE HELPLINE:

•Tel.nr.: 0800 150 150 of *120*7867#

**HALT ELDER ABUSE LINE (HEAL) – HULPLYN VIR
BEJAARDES:**

•Tel.nr.: 0800 003 081

•E-pos: action@actiononelderabuse.co.za

HUMAN TRAFFICKING HELPLINE:

•Tel.nr.: 0800 737 283 (0800 RESCUE) of 082 455 3664